

## **HOOFSTUK 3: NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE**

---

## HOOFSTUK 3

### NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE

---

#### 3.1 INLEIDING

In Hoofstuk 1 is die volgende navorsingsvraag geformuleer: Wat is die opvoeders in die George-omgewing se ervaring van die wyse waarop inklusiewe onderwys in die intermediêre fase in hul skole geïmplementeer word? Hoofstuk 2 het vanuit die literatuur 'n oorsig gebied met betrekking tot opvoeders se ervarings van inklusiewe onderwys in skole. Hierdie studie het ten doel om opvoeders in die George-omgewing se ervaring van die wyse waarop inklusiewe onderwys in die intermediêre fase in hul skole geïmplementeer word, te ondersoek. Om hierdie doel te bereik, word 'n empiriese ondersoek beoog, waarvan die navorsingsontwerp en metodologie in hierdie hoofstuk verduidelik word.

#### 3.2 NAVORSINGSONTWERP

Die ontologie en epistemologie van hierdie studie fokus op die gekonstrueerde en geïnterpreteerde *werklikheid* soos deur die *opvoeders* ervaar – hulle subjektiewe belewenisse van hoe hulle hul eie alledaagse werklikheid sien en betekenis daaraan toedig (Maree, 2010:31) (Cohen *et al.*, 2007:7). Die navorser gaan dus van die veronderstelling uit dat die werklikheid wat ondersoek gaan word, dié van die opvoeders sal wees soos wat hulle self betekenis daaraan gee, en soos hy dit saam met hulle sal interpreteer, en nie 'n ander vooropgestelde werklikheid nie.

Die epistemologie van hierdie studie val dus binne die interpretivistiese raamwerk, wat bepaal dat gebeure verstaan sal word vanuit die navorser se verstandelike proses van interpretasie, soos gevorm deur die deelnemers se interaksies met die sosiale konteks waarbinne hulle lewe. Bevindinge sal dus gekonstrueer word deur betekenis toe te ken aan (interpretasies te maak van) die persoonlike ervarings van die deelnemers van hul werklikheid (Maree, 2010:31) (Cohen *et al.*, 2007:7).

Uit die genoemde ontologiese en epistemologiese beskrywing van die studie, word dit duidelik dat die studie van kwalitatiewe aard sal moet wees. Leedy *et al* (2005:94) verwys na kwalitatiewe navorsing as die metode om komplekse vrae aan 'n ondersoek te onderwerp, terwyl die gesitueerdheid van navorsingdeelnemers respekvol in ag geneem word. Vanuit 'n interpretivistiese benadering sal deelnemers se persepsies geïnterpreteer,

geklassifiseer en weergegee word. Die navorser maak kontak met die persepsies, gevoelens, gedagtes, houdings en ondervindings van die deelnemers om sodoende hulle ervarings te verstaan en te kan weergee (McMillan *et al.*, 2001:398). Kwalitatiewe navorsers kan ook gebruik maak van observasie om die fenomeen in meer detail te kan beskryf (Morrison, 2007:27). Leedy *et al* (2005:133) is van mening dat veral kwalitatiewe navorsers die vermoë ontwikkel om waarnemings van sosiale interaksies te interpreteer en krities sin daaruit te maak. Creswell (2009:175-176) beskryf die kwalitatiewe navorsingsproses as –

- data-insameling waar die navorser interaktief met die navorsingsfenomeen omgaan
- die insameling van data deur gebruik te maak van veelvuldige databronne en metodes soos byvoorbeeld dokumentanalise, observasie en onderhoude
- die bou van temas, kategorieë en patrone deur data te organiseer en groepeer in abstrakte eenhede (kategorieë) van inligting, en daarna die data daarna op 'n sinvolle wyse weer te gee
- 'n proses wat fokus op die mening van navorsingsdeelnemers oor die navorsingsprobleem
- die interpretasies wat navorsers maak oor wat hulle sien, hoor en verstaan
- die skep van 'n geheelbeeld oor die navorsingsprobleem

In hierdie verband is Ary *et al* (Ary *et al.*, 2006:450) van mening dat “qualitative inquirers seek to interpret human actions, institutions, events, customs and the like, and in so doing construct a “reading”, or portrayal, of what is being studied”...

Kwalitatiewe navorsing vereis dat die werkwyse vir die studie slegs in breë trekke by die aanvang van die studie beplan kan word. Algaande word die navorsingsontwerp dan aangepas en verfyn om sodoende die onderwerp van die studie in sy volle omvang en diepte te beoordeel volgens die spesifieke eise van die konteks (Ary *et al.*, 2006:454). Tydens kwalitatiewe navorsing word veranderlikes nie gemanipuleer nie aangesien die deelnemers in hulle natuurlike omgewing en ontwikkeling van optrede bestudeer word (Henning *et al.*, 2004:3). Burrell en Morgan (Burrell *et al.*, 1979:1) verwys na interpretatiewe navorsing as 'n proses waar die deelnemers openlik hul gevoel kan weergee deur te praat oor hul situasies. Nuwe idees oor die probleem kan ook ontbloot word wat dan kan lei tot die ontwikkeling van nuwe insigte. Kwalitatiewe navorsing bied aan die navorser 'n breë insig oor die realiteit waarmee die deelnemers – in hierdie geval die intermediêrefase-opvoeders in die George-omgewing – daagliks te doen het.

Interpretivistiese navorsing is volgens Newton *et al.* (2008:253) daarop gerig om 'n sosiale fenomeen te ontdek, *interpreteer* en beskryf; in die geval van hierdie studie is die sosiale fenomeen wat geïnterpreteer sal word, *die ervaring van intermediêrefase-opvoeders in die George-omgewing*. Die opvoeders se ervarings sal dus deur die navorser geïnterpreteer word, in 'n poging om hulle siening van die implementering van inklusiewe onderwys in húl konteks te verstaan.

Hierdie ontologiese en epistemologiese raamwerk waarbinne die studie val, lei tot die keuse van 'n hermeneutiese, interpretatiewe, kwalitatiewe metodologie in terme van 'n gevallestudie van 'n bepaalde omvang in 'n bepaalde konteks. Die konteks van hierdie studie is intermediêrefase-opvoeders in een Kring van die Eden- en Sentrale Karoo-Onderwysdistrik se ervarings – om dit te ontdek, interpreteer en beskryf.

'n Gevallestudie is 'n spesifieke geval wat gebruik word met die doel om 'n meer algemene beginsel te illustreer (Cohen *et al.*, 2007:253). Volgens Creswell (vergelyk) (Fouche, 2005:272) kan 'n gevallestudie gedefinieer word as 'n in-diepte analise van 'n spesifieke situasie. In hierdie geval word die opvoeders in die intermediêre fase in die George-omgewing se ervaring van die implementering van inklusiewe onderwys in hulle skole, as 'n gevallestudie van beperkte omvang bestudeer, om 'n in-diepte analise van hul ervarings te maak. Gevallestudies kan lesers 'n idee gee van hoe idees en abstrakte beginsels in bepaalde kontekste in mekaar pas (Cohen *et al.*, 2007:253). Studies van beperkte omvang is gebonde aan die grense van tyd en plek, en behels slegs die empiriese gedeelte van die studie (Basse, 2007:142). In die onderwys word gevallestudies van beperkte omvang gebruik om –

- in 'n beperkte tyd en ruimte soos skole aangewend te word;
- interessante aspekte van onderwys aan die orde te stel;
- 'n navorsingsfenomeen in sy natuurlike konteks te bestudeer; en
- die aandag van bestuurders en beleidsmakers te vestig op die kompleksiteit van onderwysprobleme (Basse, 2007:143)

Volgens (Morrison, 2007:256) hou gevallestudies voordele en nadele vir die navorser in, soos in Tabel 3.1 aangetoon.

**Tabel 1: Die voordele en nadele van die gebruik van 'n gevallestudie\***

<b>Voordele</b>	<b>Nadele</b>
Data wat in lewensgetroue situasies	Bevindinge kan nie noodwendig

ingesamel is, is baie kragtig	veralgemeen word nie
Gevallestudies laat veralgemening oor 'n fenomeen toe	Navorsingsvooroordele mag deel vorm van die studie
Die kompleksiteit en waarheid van dit wat bestudeer word, word erken in 'n gevallestudie	Soms is daar te min kontrole in die studie
Gevallestudies is 'n stap nader aan optrede – dit begin by 'n aksie en dra by tot reaksie in daardie bepaalde geval	Laat ruimte vir bevooroordeelde interpretasie deur die navorser
Dit gee insig in soortgelyke situasies en studies Dit ondersteun die interpretasie van ander gevalle	Die navorser se feilbare geheue van situasies kan data belemmer
Dit bevat unieke kenmerke wat moontlik verlore kan gaan in groter datastelle Die unieke kenmerke hou die sleutel tot die insig van die situasie	Soms is dit moeilik om feite en interpretasies van mekaar te skei

\* Aangepas uit Morrison (2007:255-256)

Wat bogenoemde nadele betref, sal die navorser aantoon wat die beperkte aard van die studie is wat nie veralgemeen kan word nie, en ook wat moontlike vooroordele kan wees waarop hy bedag sal wees. Die voordele van hierdie studie is, soos bo aangetoon, dat die kompleksiteit van die geval erken kan word en moontlik juis kan bydra tot die verstaan van soortgelyke komplekse gevalle, en dat dit kan bydra tot 'n optrede ter verbetering van die situasie.

Die voer van onderhoude en die gebruik van vraelys is van die tegnieke beskikbaar tot die kwalitatiewe navorser ten einde navorsingsbevindings te maak (De Vos, 2005:333). Hierdie navorsing het van drie data-insamelingsinstrumente gebruik gemaak, naamlik 'n vraelys, fokusgroeponderhoude, en die observasie van die navorser. Die metodologie in terme van hierdie drie metodes word vervolgens beskryf.

### 3.3 NAVORSINGMETODOLOGIE

#### 3.3.1 Vraelys

Die vraelys (Addendum 1) bestaan uit geslote vrae en een oop vraag om die deelnemers se ervaring van die implementering van inklusiewe onderwys in die George-omgewing in te win. Die geslote vrae handel oor basiese demografiese inligting ten opsigte van onder andere die klassifikasie van die skool, aantal jare diens as opvoeder, en kwalifikasies verwerf. Inligting oor die aard van inklusiewe onderwys in die bepaalde skole, handel oor die tipes

leerhindernisse wat in die deelnemers se klasse voorkom, en onderrig- en ondersteuningsfasiliteite in die skole. Inligting oor die deelnemers se ervaring van hul implementering van inklusiewe onderwys, handel oor hul kundigheid oor, opleiding in en toepassing van inklusiewe onderwys.

### 3.3.2 Fokusgroeponderhoude

Die gebruik van fokusgroeponderhoude as 'n data-insamelingstegniek is algemeen in die veld van kwalitatiewe navorsing (Merton *et al.*, 1946) Vir hierdie studie bied die gebruik van fokusgroeponderhoude as data-insamelingstrategie die volgende waarde en voordele aan die navorser (Morrison, 2007:376-377; Schurink *et al.*, 1998:314-316):

- om te fokus op die implementering van inklusiewe onderwys in bepaalde skole
- om data van 'n reeks skole te in te samel en te analiseer
- om data vinnig en goedkoop in te samel
- om die houdings, waardes en opinies van deelnemers op grondvlak in te samel
- om deelnemers se vrye uitsprake in te samel

Volgens Morrison *et al* (2007:377) en Schurink *et al* (1998:317-318) moet die volgende faktore ook in ag geneem moet word tydens die beplanning van fokusgroeponderhoude:

- beplan die aantal fokusgroeponderhoude
- beplan die aantal deelnemers per fokusgroeponderhoud
- maak voorsiening vir deelnemers wat op die spesifieke dag nie gaan opdaag nie
- verseker dat die deelnemers wat vir 'n fokusgroeponderhoud gekies word, betrokke is by die navorsingsonderwerp en 'n sinvolle bydrae sal kan maak
- verseker dat die fokusgroep klein genoeg is sodat alle deelnemers genoegsame geleentheid kry om aan die gesprek deel te neem, maar sorg ook vir genoegsame diversiteit om 'n verskeidenheid van opinies te ontlont

Die navorser het bogenoemde faktore in ag geneem deur 'n bepaalde aantal onderhoude en deelnemers te beplan wat almal betrokke is by die navorsingsonderwerp.

Morrison *et al* (2007:376) beskryf fokusgroeponderhoude verder as 'n vorm van groeponderhoude wat besprekingsinteraksie ontlont tussen die deelnemers en die navorser oor die navorsingsvraag. Die rol van die onderhoudvoerder (die navorser) in sulke onderhoude is om die gesprek te fasiliteer om die ervarings van die deelnemers na vore te laat kom. Kamberelis (2005:887) beskou fokusgroeponderhoude as 'n tegniek wat aan die

navorser insig gee oor die wye verskeidenheid van moontlikhede ten aansien van die fenomeen onder bespreking. In die geval van hierdie studie is die fenomeen die deelnemers se belewing van die implementering van inklusiewe onderwys in die George-omgewing. Hierdie navorsing het dus van fokusgroeponderhoude gebruik gemaak om die deelnemers se ervarings van die implementering van inklusiewe onderwys in die George-omgewing te bepaal (Addendum 2). Semi-gestruktureerde vrae is gebruik om gesprekke met die deelnemers te ontlok, byvoorbeeld:

- Wat is u skool se amptelike beleid oor inklusiewe onderwys?
- Wat verstaan u onder inklusiewe onderwys?
- Hoe pas u inklusiewe onderwys in u klasse toe?
- Hoe het u rol as opvoeder verander na die implementering van inklusiewe onderwys by u skool?
- Ensovoorts

### **3.3.3 Observasie**

Observasie is tydens die fokusgroeponderhoude toegepas om die aard van deelname deur die deelnemers te bepaal.

Die onderhoude het oor die algemeen goed verloop sonder enige voorvalle. Drie van die onderhoude het vele bydraes tot die studie opgelewer. Slegs een fokusgroep onderhoud het data opgelewer wat nie baie nuttig sal wees vir die navorser nie. Deelnemers was in die meeste gevalle entoesiasies om deel te neem, aangesien hulle die geleentheid gegun was om van hul frustrasies in die klas ontslae te raak.

### **3.3.4 Navorsingsdeelnemers**

Die volgende persone word as deelnemers in hierdie studie beskou: Die intermediêrefase-opvoeders in die George-omgewing, en die navorser. Daar word dus na die opvoeders as deelnemers, en na die persoon wat die navorsing onderneem as die navorser verwys.

#### **3.3.4.1 Deelnemers**

Hoewel opvoeders meestal in hulle eie klaskamers werksaam is, vorm hulle deel van 'n skool, 'n departement in die skool, asook van 'n groter samelewing. Binne hierdie konteks word veelvuldige eise aan opvoeders gestel waaraan hulle 'n unieke betekenis gee. Volgens die kwalitatiewe paradigma, word mense se betekenis en optrede verbind aan die

sosiale realiteite waarbinne dit plaasvind. Dit is dus belangrik om die omstandighede en sosiale realiteite van die deelnemers te ondersoek, asook om die manier waarop hulle betekenis aan die realiteite gee, te verstaan. Die navorser poog om die omstandighede van die deelnemers van binne af te begryp, as deelnemende navorser. Objektiviteit is dus nie 'n doelwit van hierdie soort navorsing nie omdat die navorser deel word van die deelnemers se leefwêreld, volgens Ary *et al* (2006:449).

Die eenheid van analise van hierdie studie is dus die ervarings van die intermediêrefase-opvoeders in die George-omgewing, en hulle ervarings oor die implementering van inklusiewe onderwys in hul skole. Die deelnemers in hierdie gevallestudie is dus doelmatig en op grond van gerieflikheid gekies om spesifieke data oor 'n bepaalde gemeenskap in te samel (Cohen *et al.*, 2007:253). In hierdie studie se geval is dit die hele populasië intermediêrefase-opvoeders van Kring 3 van die Eden- en Sentrale Karoo-Onderwysdistrik wat aan die studie deelneem, en word daar nie 'n steekproef uit hulle geneem nie. Hierdie gerieflikheidspopulasië bestaan uit al agt skole wat in Kring 3 is. Al die opvoeders in die intermediêre fase van hierdie agt skole het die vraelyste ontvang. Daar is altesaam 42 intermediêrefase-opvoeders in hierdie agt skole.

Meeste van die genoemde Kring 3-skole is geleë in arm en voorheen benadeelde gemeenskappe waar leerders 'n agterstand het ten opsigte van leer en prestasie. Die fisiese fasiliteite van sommige van die skole dra ook nie by tot optimale leer en prestasie nie. Hierdie kontekstuele aspekte kan moontlik bydra tot die kompleksiteit van die implementering van inklusiewe onderwys in hierdie skole. Die Kring 3-skole is derhalwe 'n goeie konteks vir hierdie studie wat as fokus die kompleksiteit van die implementering van inklusiewe onderwys bestudeer.

#### **3.3.4.2 Rol van die navorser**

Die navorser het in hierdie projek 'n deelnemende rol vervul. Hy het as hoofnavorsinginstrument tydens die onderhoudvoering, die data-analise en data-interpretasie opgetree. Die navorser het reeds 'n kennisverhouding met die meeste van die opvoeders gehad omdat hy self 'n opvoeder by een van die skole is, maar moes nogtans aan 'n vertrouensverhouding met die deelnemers bou sodat die deelnemers vertrou sou hê om openlik en met vrymoedigheid hulle ervarings van die implementering van inklusiewe onderwys in hulle skool met die navorser te deel.



Die navorser moes vooraf sy eie navorsingbetrokkenheid goed uitklaar. Hy is self 'n opvoeder in die intermediêre fase by een van die deelnemende skole en hy beskik oor uitgebreide kennis en ervaring met betrekking tot die onderwysaspekte van hierdie fase. Hierdie aspek het tot addisionele verantwoordelikhede vir die navorser ten aansien van geloofwaardigheid gelei, want aangesien hy nou betrokke is by een van die skole en by die opvoeders in die skool, moes hy dus voortdurend waak om nie die navorsing skeef te beïnvloed in 'n spesifieke bevooroordeelde rigting nie. Hy het dus nooit 'n eie opinie laat deurskemer na die ander deelnemers tydens die onderhoude nie, of tydens sy algemene interaksie met hulle nie (Ary *et al.*, 2006:450-453). Hy het nie die deelnemers se ervarings en persepsies manipuleer nie. Aangesien die navorsingproses buigsaam is, het die navorser voortdurend aangepas by die veranderende omstandighede soos die spesifieke situasie hom gelei het, deur byvoorbeeld voortdurend opvolgvrae te vra wanneer die deelnemers onduidelike antwoorde verskaf het.

### **3.3.5 Data-insameling**

#### **3.3.5.1 Vraelys**

In die eerste fase van die data-insameling is die agtergronds vraelyste aan die 42 opvoeders besorg. Die navorser het dit self aan die skole besorg en self weer gaan haal. Die navorser was in die lokaal beskikbaar indien die deelnemers vrae oor die vraelys sou hê (Bell, 2007:226). Die vraelys was ook in Engels beskikbaar aan die deelnemers wat dit verkies (Addendum 1).

#### **3.3.5.2 Fokusgroeponderhoude**

Die plan was aanvanklik om agt fokusgroeponderhoude met die deelnemers van elk van die agt skole te voer, maar weens logistieke redes is besluit om skole saam te groepeer in vier fokusgroepe: skole wat naby mekaar is, is saam gevoeg om reiskostes en tyd vir die opvoeders in ag te neem. Nog 'n rede vir die saamvoeging van skole is dat dit 'n voordeel kon inhou deurdat die deelnemers uit verskillende skole moontlik verskillende opinies sou saambring na die fokusgroeponderhoude en só meer gesprek sou kon uitlok, wat kon sorg vir groter data-insameling.

Uiteindelik is op vier fokusgroepsessies besluit, en daar was sewe deelnemers in elke groep. (Een skool het onttrek en gevolglik het 29 opvoeders van sewe skole die vraelyste teruggestuur.) Die navorser is bewus daarvan dat sewe deelnemers per fokusgroep te groot

is, maar weens genoemde logistieke redes moes daar minder onderhoude met meer deelnemers daarin gevoer word. Die onderhoude het plaasgevind by sommige van die geselekteerde skole soos gereël in oorleg met die onderskeie skoolhoofde en opvoeders. Ingeligte toestemmingsbriewe is deur elke deelnemer onderteken (Addendum 3).

Voor die aanvang van die fokusgroeponderhoude is daar riglyne vir die deelnemers vasgestel wat gedurende die onderhoud sou geld as reëls wat nie verbreek mag word nie, naamlik:

- Die afskakel van selfone gedurende die onderhoude
- Respek vir elkeen se opinie wat gelug word
- Geen persoon mag in die rede geval word nie
- Daar moet nie van die tema afgedwaal word nie

Die deelnemers is aangemoedig word om vrae te beantwoord na die beste van hul vermoë en ook in die taal van hul keuse. Hulle is ook bewus gemaak van die belangrikheid van die navorsing en is verseker van die vertroulike hantering van die data en die anonimiteit van hulle uitsprake. Die onderhoude is met behulp van digitale stemopnemers opgeneem vir latere transkribering en ontleding.

### **3.3.5.3 Observasie**

Veldnotas is nie gedurende die fokusgroeponderhoude gedoen nie aangesien dit die navorser in 'n netelige posisie sou plaas en hy nie sou kon konsentreer op die onderhoude nie. Notas is wel aan die einde van elke onderhoud onmiddellik neergeskryf van dit wat die navorser geobserveer het gedurende die fokusgroeponderhoude.

### **3.3.6 Data-analise**

Die rou data van die vraelyste, onderhoude en observasie is getranskribeer (Addendum 4) en daarna geanaliseer deur middel van induktiewe inhoudsanalise. Die data verkry uit die vraelyste behels demografiese inligting soos verkry uit geslote vrae (vrae 1-21), en data oor die deelnemers se ervaring en persepsies oor die implementering van inklusiewe onderwys, soos verkry uit twee oop vrae (vrae 22-23). Die data uit die geslote vrae is in terme van persentasies geanaliseer. Die oop vrae op die vraelys is deur middel van die induktiewe metode geanaliseer.

Eweneens is die data uit die transkripsies van die onderhoude deur middel van die induktiewe metode en spesifiek deur middel van interpretatiewe inhoudanalise geanaliseer. Die inhoudanalise het geskied deur middel van oop en aksiale kodering om die ervarings van die opvoeders in terme van kategorieë en temas, te beskryf (De Vos, 2005:340). Daarna is die geanaliseerde data in geïntegreerde teksbeskrywing wat ryk is aan detail en ook die konteks in ag neem, weergegee (Neuman, 2000:419). Hierdie beskrywing soos geïntegreer uit die vraelyste en onderhoude weerspieël die ervarings van die opvoeders oor die implementering van inklusiewe onderwys in hul skole. Die resultate van die data-analise word in hoofstuk 4 beskryf.

### **3.3.7 Etiese aspekte van die navorsing**

Etiese navorsing is van kardinale belang om die privaatheid van die deelnemers asook hul werksomstandighede en werkplek te beskerm. Morrison (2007:409) waarsku daarteen dat deelnemers se privaatheid dalk aangetas sal word en dat hulle slegs as navorsingsdoelwit gebruik word sonder om hulle as mense in ag te neem. Hier speel die beskerming van die individue se reg tot privaatheid 'n groot rol en dus moet die belange van die deelnemers eerste voorop gestel word (Morrison, 2007:409; Strydom, 2005:58).

Geen deelnemer is teen sy/haar wil geforseer word om aan die studie deel te neem nie, aangesien die deelname vrywillig is (Strydom, 2005:59). Deelnemers kon enige tyd van die studie onttrek indien hulle so verkies, maar niemand het nie. In die analise en verwerking van die data is die deelnemers se persoonlike inligting verwyder sodat die deelnemers in geen opsig geïdentifiseer of benadeel kan word nie. Die navorser het tydens die onderhoude nie die deelnemers geforseer om op die vrae te antwoord nie. Die navorser was deurgaans vriendelik tydens die onderhoude en het die deelnemers met respek behandel. Deelnemers was op hul gemak gemaak voordat die fokusgroeponderhoude begin het, en hulle is weer eens die versekering gegee dat die data met vertroulikheid hanteer sal word.

Skriftelike ingeligte toestemming om die navorsing te doen is vooraf van die volgende instansies verkry:

- Noordwes-Universiteit se etiese komitee (Addendum 5)
- Eden- en Sentrale Karoo-Onderwysdistrik (Addendum 6)
- Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) (Addendum 7)
- Voorsitters van Beheerrade van die geselekteerde skole (Addendum 8)
- Deelnemers aan die navorsing (opvoeders) (Addendum 3)

### **3.4 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE**

Die ondersoek is beperk tot slegs die opvoeders wat in die agt skole in Kring 3 in die George-distrik werksaam is, en kan dus nie veralgemeen word na alle opvoeders in Suid-Afrika nie.

Slegs 29 van die 42 uitgedeelde vraelyste is terugontvang hoewel die navorser gereeld navraag gedoen het oor die voltooiing van die vraelyste. Teen die agtergrond van die literatuurstudie wil dit egter voorkom of die patrone wat hul belewings betref en wat in hoofstuk 4 beskryf word, inpas by vorige studies soos in die literatuur beskryf. Verder handel die studie slegs oor die *ervarings* van die betrokke deelnemers ten opsigte van die implementering van inklusiewe onderwys in hul skole, en nie oor die werklike implementering daarvan nie.

### **3.5 OPSOMMING VAN DIE HOOFSTUK**

Hierdie hoofstuk het verduidelik waarom die kwalitatiewe navorsingsmetode as navorsingsontwerp gekies is vir die ondersoek. Die gebruik van die vraelyste, fokusgroeponderhoude en observasie as metodes van data-versameling is toegelig, en die wyse van data-analise is beskryf. In die volgende hoofstuk sal die resultate van die data-analise bespreek word.